# HOËRSKOOL OOS-MOOT

## TENDER VIR DIE VERSKAFFING, ONDERHOUD EN ONDERSTEUNING VAN MULTI-FUNKSIE FOTOSTAATMASJIENE 2025

**TENDER VIR DIE VERSKAFFING, ONDERHOUD EN ONDERSTEUNING VAN MULTI-FUNKSIE FOTOSTAATMASJIENE VIR HOËRSKOOL OOS-MOOT**

## 1. KENNISGEWING AAN BELANGSTELLENDES

Diensverskaffers word hiermee uitgenooi om te tender vir die verskaffing, onderhoud en ondersteuning van fotostaatmasjiene. Hoërskool Oos-Moot vereis 'n gladde oorgang na 'n nuwe tender met ingang 1 Februarie 2025.

## 2. TENDER

2.1 Termyn van kontrak
1 Februarie 2025 tot 31 Mei 2027

2.2 Sluitingsdatum van tender
17 Januarie 2025 om 13:00

2.3 Indiening van tender

- Hoërskool Oos-Moot, Haarhoffstraat 1120, Villieria, Pretoria.
- Tenderboks sal in die skool se ontvangsarea wees.
- Tenders kan op weeksdae tussen 07:00 en 13:00 (uitgesluit skoolvakansies).

2.4 Dokumente wat by die tender ingesluit moet wees

- Maatskappy briefhoof
- Maatskappy profiel
- Bewys van bankbesonderhede
- Bewys van adres
- Omvattende SLA
- Gedetaileerde terme en voorwaardes
- Verwysings van vorige kliënte
- Prysstruktuur en kwotasie
- Bykomende, ondersteunende dokumentasie

2.5 Evaluasie en toekenning
Die tender sal deur 'n paneel van die skoolbeheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot geëvalueer word.

2.6 Tenderaansoeke (koeverte) word eers na die sluitingsdatum geopen.

2.7 Tenders word as volledig aanvaar, en toekennings sal uitsluitlik op grond van die ingediende inligting gemaak word.

2.8 Evaluasie kriteria
Tenders word op grond van die volgende beoordeel:

| | **Kriteria** | **Totale punttoedeling** |
|---|---|---|
| 1. | Voldoening aan tender indieningsvereistes. | 5 |
| 2. | Ervaring in die verskaffing van soortgelyke dienste aan skole of organisasies. | 25 |
| 3. | Beproefde vermoë om die vereiste fotostaatmasjiene te verskaf en te ondersteun. | 25 |
| 4. | Prysstruktuur en bekostigbaarheid. | 10 |
| 5. | Betroubaarheid en reaksietye vir onderhoud en ondersteuning. | 30 |
| 6. | Verwysings van vorige of huidige kliënte. | 5 |
| **TOTAAL** | | **100** |

2.9 Alle fotostaatmasjiene moet voldoen aan die tegniese spesifikasies soos uiteengesit onder paragraaf 3.

2.10 Pryse moet arbeid, vervoer, installasie, onderhoud en ondersteuning insluit.

2.11 Enige moontlike 'verskuilde kostes' moet as deel van die aansoek volledig openbaar gemaak word.

2.12 Laat indiening sal nie oorweeg word nie.

2.13 Die skoolbeheerliggaam behou die reg voor om enige tender te aanvaar of te verwerp sonder om redes te verskaf.

2.14 Geen aansoeke per e-pos word aanvaar nie.

## 3. VEREISTES

3.1 Waarborg van 3 jaar.

3.2 Nuwe (nie opgeknapte) fotostaatmasjiene.

3.3 **Opgeknapte fotostaatmasjiene** sal nie oorweeg word nie.

3.4 Addisionele innoverende tegnologie moet gespesifiseer word.

3.5 Toestelsagteware wat gebruik word, moet gekontroleer kan word, veiligheid van inligting verseker en rapporteer.

3.6 Aantal fotostaatmasjiene, spesifikasies en kopieervermoë:

| **2 Fotostaatmasjiene (Swart en Wit drukwerk)** | |
|---|---|
| **Funksies** | |
| 1. Verkleining en vergroting | 5. Kram |
| 2. Enkel | 6. Boekies (A4- en A3-formate) |
| 3. Dubbel | 7. 2 x papiertrommels van 1500 bladsye elk (A4 en A3 formate) |
| 4. A4 en A3 | 8. 2 x addisionele papiertrommels van ongeveer 500 bladsye elk (A4 en A3) |
| **Kopieervermoë** | |
| Ongeveer 160 000 bladsye per maand | |

| **1 x Fotostaatmasjien (Kleur drukwerk)** | |
|---|---|
| **Funksies** | |
| 1. Verkleining en vergroting | 5. Kram |
| 2. Enkel | 6. Boekies (A4- en A3-formate) |
| 3. Dubbel | 7. 2 x papiertrommels van 1500 bladsye elk (A4 en A3) |
| 4. A4 en A3 | 8. 2 x addisionele trommels van ongeveer 500 bladsye elk (A4 en A3) |
| **Kopieervermoë** | |
| • Ongeveer 2 460 bladsye per maand<br>• Ongeveer 17 100 monochroom per maand | |

3.7 Onderhoud en ondersteuning

a) Gereelde diens en tegniese ondersteuning moet ingesluit wees:
- telefonies en
- tegnikus wanneer benodig.

b) Vervangingsonderdele en verbruiksmateriaal moet maklik beskikbaar wees om minimale stilstand te verseker.

c) Ten minste een stel verbruiksmateriaal (ink en krammetjies) moet by die skool beskikbaar wees.

d) Addisionele, dringende ondersteuning mag benodig word gedurende eksamentye (Junie en November tydens skoolure).

**4. DIENSVLAKOOREENKOMS (SLA)**

'n Omvattende voorlopige SLA moet saam met die tenderdokument ingedien word.

**5. TENDERDOKUMENTE EN -VORM**

Aangeheg as bladsye 5 en 6 van hierdie dokument.

**TENDER INDIENINGSDOKUMENT / -VORM**

**HOËRSKOOL OOS-MOOT**
**Tender vir die verskaffing, onderhoud en ondersteuning van fotostaatmasjiene**
**Tenderverwysing: HOSM-PRINTER/2025**

**DEEL A: MAATSKAPPY INLIGTING**
Voltooi asseblief die onderstaande besonderhede.

1. Naam van maatskappy: ______________________________

2. Handelsnaam (indien van toepassing): ______________________________

3. Registrasienommer van besigheid: ______________________________

4. BTW-registrasienommer: ______________________________

6. Kontakpersoon: ______________________________

   - Titel/Aanwysing: ______________________________
   - Telefoonnommer: ______________________________
   - E-posadres: ______________________________

7. Fisiese adres: ______________________________
______________________________
______________________________
______________________________

8. Posadres:
______________________________
______________________________
______________________________

**DEEL B: NAKOMINGSKONTROLELYS**
Maak seker dat al die volgende dokumente aangeheg is by u indiening:

| **Dokument** | **Aangeheg (Ja/Nee)** | **Kommentaar** |
|---|---|---|
| Maatskappy briefhoof | | |
| Maatskappy profiel | | |
| Bewys van bankbesonderhede | | |
| Bewys van adres. | | |
| Omvattende SLA | | |
| Gedetailleerde terme en voorwaardes | | |
| Verwysings van vorige kliënte | | |
| Prysstruktuur en kwotasie | | |
| Bykomende, ondersteunende dokumente | | |

**DEEL C: TENDERVOORSTEL BESONDERHEDE**
Verskaf gedetailleerde antwoorde op die volgende:

1. Voldoen aan fotostaatspesifikasies
   - Bevestig voldoening aan die spesifikasies soos uiteengesit in die tenderuitnodiging. Heg ondersteunende dokumente of voorstelle aan.
   - Beklemtoon enige addisionele innoverende tegnologie wat ingesluit is.

2. Onderhoud- en ondersteuningsplan
   - Beskryf die gereelde diens- en tegniese ondersteuningsproses.
   - Spesifiseer reaksietye vir tegnici besoeke op die perseel.
   - Bevestig beskikbaarheid van verbruiksmateriaal (ink, krammetjies) by die skool.

3. Vermoë om te lewer
   - Toon die vermoë aan om die vereiste maandelikse fotostaatvolumes te hanteer.
     - ➢ Swart-en-wit fotostaatmasjiene: 160,000 bladsye.
     - ➢ Kleur fotostaatmasjiene: 2,460 kleur en 17,100 monochroom bladsye.

4. Verwysings
   Lys ten minste drie (3) verwysings van vorige of huidige kliënte. Sluit kontakbesonderhede en projekbeskrywings in.

5. Prysstruktuur
   Verskaf 'n gedetailleerde kwotasie vir die drukkers, onderhoud en ondersteuningsdienste.

**DEEL D: VERKLARING DEUR DIE INDIENER**
Ek, die ondergetekende, bevestig hiermee dat die inligting verskaf in hierdie tenderindiening na die beste van my kennis waar en korrek is. Ek bevestig verder dat ons maatskappy toestem om die terme en voorwaardes, soos uiteengesit in die tenderuitnodigingsdokument, na te kom

Naam : ______________________________________________

Aanstelling: ______________________________________________

Handtekening:______________________________________________

Datum: ______________________________________________

<u>Indieningsinstruksies</u>
Dien u voltooide tenderdokument, saam met alle vereiste aanhangsels, in 'n verseëlde koevert in.

a) Merk dit duidelik met die *Tender verwysingsnommer: HOSM-PRINTER/2025*.

b) Plek van indiening : Hoërskool Oos-Moot, Haarhoff straat 1120, Villieria, Pretoria, 0186 in tenderboks.

c) Indieningstye : Tussen 07:00 en 13:00 (uitgesluit skoolvakansies)

d) Sluitingsdatum : 17 Januarie 2025 om 13:00.

e) Laat indienings sal nie aanvaar word nie.

f) Die skoolbeheerliggaam van Hoërskool Oos-Moot behou die reg voor om enige tender te aanvaar of te verwerp sonder om redes te verskaf.

Navrae kan gerig word aan mnr F Parker (f.parker@oos-moot.co.za).
.